**Skriflesing:** Gen 2:15-17; 3:1-24
**Tema:** God maak heel wat ons gebreek het.

In die tuin kry die mens voorregte, maar ook verantwoordelikhede.
Die voorregte is om in die lushof te woon en om van byna al die bome te eet.
Die verantwoordelikhede is om die tuin te bewerk en op te pas. Werk is nie straf op sonde nie. Dit was van die begin af God se plan vir die mens. Nog 'n verantwoordelikheid was om God as die enigste God te erken deur nie van die boom van alle kennis te eet nie.

Wanneer man en vrou dit doen, heers daar in die tuin volmaakte geluk en harmonie.

Maar God is so groot dat Hy nie die mens soos 'n robot gemaak het wat net bevele gehoorsaam nie. Hy maak die mense met sy/haar eie wil.
Hy wil met elkeen van ons in 'n verhouding staan, Geen verhouding kan onder dwang tot stand kom nie. Ons het 'n vrye keuse of ons 'n verhouding met God wil hê of nie.

In die tuin moet die eerste mense se verhouding met God in die keuse om Hom te gehoorsaam, sigbaar word. Die verbod om van die boom van alle kennis te eet, vervul hierdie funksie. Ongehoorsaamheid kom neer op die oorskryding van die grens tussen God en mens, en dit is 'n verbreking van die vertroue wat God in die mens gestel het.

Hierdie is verhaal van elke mens se lewe.
Almal van ons staan elke dag voor hierdie keuse. Ek en jy moet male sonder tal besluit of ons getrou of ontrou gaan wees. Ons kies óf 'n gehoorsame lewenswyse binne 'n verhouding met God of ongehoorsame lewenswyse los van God.

Die slang, as simbool van die bose met sy anti-Goddelike agenda, moedig 'n keuse teen God aan.
Hy doen dit baie skelm met fyn suggestie. Met 'n onskuldige vragie saai hy twyfel: "Het God werklik gesê?" Met mooipraatjies en vleitaal maak Hy God verdag.
Hy doen dit vandag nog. Besoek net die een webblad vol versoekings, vat die eerste dop, dit is glad nie so erg nie. Gee die paar randjies onder die tafel, almal doen dit.

**Maar ons het 'n keuse.**

Die wortel wat voor die vrou gehou is, was, dat wanneer hulle eet, hulle soos God sal wees deurdat hulle alles sal ken. God stel grense. Die oorskryding van hierdie grens is ongehoorsaamheid en opstand teen God.
Waar die vrou 'n lang proses deurgegaan het voordat sy oortree het, het die man bloot op die vrou se woorde gereageer. Hy het God se opdrag gehoor, maar gekies om eerder na die vrou te luister. Hulle kies om self 'n godjie te wees.

Die eet van verbode vrugte is nie 'n impulsiewe daad nie. Dit is 'n doelbewuste keuse wat téén God gemaak is.
Die duiwel blaas sonde aan en ons sondige natuur moedig dit aan, maar steeds gebeur sonde nie toevallig of per ongeluk nie. Ons sien, begeer en doen sonde. Dit bly my keuse.

Dan verskyn God op die toneel
Wanneer die koelte van die vroeë aand toesak, kom besoek die Here hulle. Hy roep na hulle. Dit is so normaal. Op stuk van sake dit is mos die doel van die skepping van die mens. Ons is geskep om in ‘n lewende verhouding met God te staan.

Maar niks is meer normaal nie.

Ons keuse teen God se negatiewe gevolge is dat **verhoudings uitmekaar val.**
Man en vrou se verhouding met mekaar lei ernstige skade. Die onskuld is verlore. Hulle is **skaam vir mekaar.** En hulle probeer die gevolge van hulle gebroke verhouding met vyeblare wegsteek, maar tevergeefs.

Man en vrou se verhouding met God lei ernstige skade. Met hulle skuldgevoelens en bang probeer hulle vir die Almagtige, die Alsiende God **wegkruip.**

Hy roep na hulle en gee geleentheid vir skulderkenning en belydenis: “Het jy tog nie van die boom geëet waarvan ek jou verbied het om te eet nie?” Maar in plaas van om skuld te bely, beskuldig hulle mekaar.
Die man beskuldig die vrou “wat die Here hom gegee het” en vrou beskuldig die slang.
Vinger wys vir die ander een is steeds deel van ons menswees vandag. Dit is nooit ek nie – dit is altyd iemand anders wat skuldig is. Ons beskuldig die duiwel en van ons beskuldig selfs vir God.

**Verkeerde keuses bring straf.**
Vir altyd sal die stryd tussen goed en kwaad deel van ons menswees bly.
Die breuk tas die diepste wese van vrouwees aan. Ook haar verhouding met haar man lei skade. Man heers oor die vrou. ‘n Voorbeeld hiervan is dat hy vir haar ‘n naamgee. Hierdie verhouding het Jesus Christus kom herstel.

As gevolg van die mens se optrede word die aarde vervloek.

Ook die man ervaar die gevolge van die gebroke verhouding met God.

Ons ervaar ook die realiteit van verganklikheid – ons liggame sal vergaan tot stof.

**God bring genade,**
Maar daar is, soos altyd wanneer ons met God te doen het, baie meer genade as straf.
Die Alsiende en Alwetende kom nie met vernietigende verwyt nie, maar met soekende liefde en deernis. Hy roep nie om te veroordeel nie, maar om te herstel.
Hy kies vir ons en ons kies teen Hom. Deur sy Seun, Jesus Christus, kies Hy weer vir ons. Hy kom herstel ons verhouding met Hom.

God klee die mens en bedek so hul skuld en skaamte.

Wanneer Hy hulle uit die tuin weggestuur, beskerm Hy hulle teen die ewige las van die sonde. Hy verhinder dat hulle ook van die boom van die lewe eet, want dan sou hulle vir altyd ‘n sonde bevlekte sukkelbestaan op hierdie onvolmaakte wêreld moes voer.

Hy kom heelmaak wat ons stukkend gemaak het. Hy vergewe ons sonde. Hy herstel ons verhoudings.

Hy het lankal vir ons gekies, Hy het, deur Jesus Christus weer vir ons gekies. Hy vra vanoggend weer dat ons vir Hom sal kies. Hy het eerste sy hart vir ons gegee. Hy vra dat ons ook ons hart vir Hom sal gee,
En wanneer ons verkeerde keuses maak en droogmaak en ons gaan dit doen, dan moet ons nie gaan wegkruip nie.
Hoor sy uitnodiging in Jesaja 1:18: "Kom tog, laat ons die saak met mekaar uitmaak, sê die Here: Al was julle skarlakenrooi van sonde, julle sal wit word soos sneeu. Al was julle purperrooi, julle sal wit word soos wol."
Amen